SAKE 24 (Rapport)
23 Sep 2012, p.7

ERFPORSIE

# Die wet, jou kinders en 2de huwelik

## Reg om te bemaak, word beperk



**RAAD MET JOU RANDE**
NICO VAN GIJSEN

Loop maar lig vir die implikasies van tweede huwelike. Daardie belofte van "tot die dood ons skei" kan dalk net beteken dat jy jou kinders effektief van hul erfporsie skei.

Dié interessante – of angswekkende, afhangende van hoe 'n mens daarna kyk – gedagte het by 'n klompie van ons ontstaan oor aandete by 'n onlangse konferensie oor erf- en trustreg van die Fidusière Instituut van Suid-Afrika en die Universiteit van Kaapstad se regsfakulteit.

Dit is nie bloot regsteorie oor 'n glas rooiwyn nie. Dit is regsrealiteit en daarom deel ek dit graag vandag met lesers.

Dit is veral mense wat tweede huwelike sluit en wat kinders uit 'n vorige huwelik het, wat gerus kan kennis neem. Alles draai om die bewoording van die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) – 'n goed bedoelde wet, meen ek, maar dalk ook met onbedoelde gevolge.

Dié wet bepaal by die dood van 'n persoon het die oorlewende gade 'n eis teen die boedel van die oorledene vir die voorsiening van redelike onderhoud tot by daardie oorlewende se dood of hertroue en wel in dié mate waarin daardie persoon nie self voorsiening kan maak nie.

Só 'n eis kry voorkeur bo enige bemaking en het dieselfde krag as 'n eis van 'n afhanklike kind.

As 'n eis vir 'n afhanklike kind meeding met dié van 'n oorlewende gade, word die eise proporsioneel verminder. Nie-afhanklike kinders sal moet wag en kyk wat oorbly. Dit is dus duidelik dat die wet jou testeervryheid beperk, want effektief kan jy nie bemaak aan wie jy wil nie.

Die vraag is hoeveel die oorlewende gade kan eis. Die wet sê nie. Wat in ag geneem moet word, volgens die wet, is die grootte van die boedel wat beskikbaar is vir verdeling tussen erfgename, die verdienvermoë van die oorlewende gade, sy of haar verpligtinge (ook skuld), sowel as die lewenstyl waaraan hy of sy ten tyde van die huwelik gewoond was.

Voordat iemand my daarvan beskuldig dat ek die wet aanval – ons het self al hierdie wet met vrug gebruik om 'n leser te help. Sy was binne gemeenskap van goed getroud met 'n man wat twee dogters uit 'n vorige huwelik gehad het. Die leser en haar oorlede man se grootste, byna enigste, bate was 'n woonstel.

Die man het sy deel van die woonstel (omdat hulle binne gemeenskap van goed getroud was, het die leser self reeds die helfte van die woonstel besit) aan sy twee dogters bemaak.

Maar pa was nog nie behoorlik in sy graf nie toe eis die twee dogters 'n stywe huurinkomste van hul stiefma wat sy nie kon bekostig nie. Ons het kragtens die wet 'n eis by die eksekuteur ingedien. Die leser het die volle besit van die woonstel gekry en die dogters niks.

Maar, soos 'n muntstuk, het 'n wet baie keer ook 'n ander kant. En dit is dié kant wat ek vandag wil uitlig. Die wet kan tot gevolg hê dat kinders onbedoeld onterf word onder omstandighede wat dalk baie anders is as dié van die leser waarna ek verwys.

Neem gerus hierdie wet in ag as jy jou testament opstel. Jou reg om te kan bemaak, is in praktyk nie so wyd soos wat jy dalk dink nie.

▸ *Nico van Gijsen (CFP®) is 'n besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*